Dr. K. Dijk, *Tussen Sterven en Opstanding*, 2de druk, J. J. Kok N.V., Kampen 1955. 188 bls. (Hierdie werk is die eerste deel van 'n trilogie *Over de Laatste Dingen*).

Hierdie werk behandel vyf hoofprobleme:

1. Die *probleem van onsterflikheid*, waar die skrywer wel erken dat die Bybelse visie op die mens dié van die eenheid van die mens as 'n geheel is, maar nogtans die tweeheid van siel en liggaam leer. Die liggaam sterf en word begrawe terwyl die siel die ewige heerlikheid of straf tegemoet gaan; met die opstanding word die twee weer verenig.

2. *Is daar gemeenskap tussen die saliges in die hemel en die kerk op aarde?* Die skrywer behandel 'n aantal tekste wat skynbaar die vraag bevestigend antwoord, maar kom uiteindelik tot die konklusie dat geen sodanige gemeenskap bestaan. Die aanvaarding van hierdie gemeenskap is die grond vir die Roomse leer van die voorbidding deur die heiliges in die hemel.

3. Anders is dit met die *gemeenskap in die hemel*. Hier erken ons mekaar en verheug ons ook in die blye weersien van vriende en geliefdes. Dit is egter nie die doel van ons verlange na die hemel nie; die doel is om met Christus te wees.

4. Wat die *verhouding van arbeid en rus in die hemel* betref, leer die skrif ons dat die toestand in die hemel dié van rus is. Hierdie rus beteken egter nie om niks te doen nie. Die rus bestaan uit 'n ander soort aktiviteit, waarvan die hoofsaak die diens van God is. Hierdie diens sluit ook in kennis, waarvandaan die lyn ook gelê word na wetenskap. Die loof van God sluit ook spreke en taal in, hoewel dit 'n groot probleem is hoe die saliges sonder tonge moet praat, aangesien hulle geen liggame het nie. Wat die taal betref, kom die skrywer tot die konklusie dat daar geen veelheid van tale sal bestaan nie, aangesien die veelheid van tale die straf op die sonde van die toring van Babel is en in die hemel die oorspronklike staat van sondeloosheid herstel word. Of hierdie een taal egter Hebreeus sal wees, kan nie met stelligheid gesê word nie.

5. Wat die probleem van *loon en straf* hiernamaals betref, reken die skrywer dat daar in die hemel 'n groot variasie van heerlikheid en saligheid bestaan; so ook is daar 'n variasie van lyding in die hel. Dit word bepaal deur ons lewe hier op aarde.

Hierdie werk is 'n mooi voorbeeld van moderne Protestantse skolastiek.

P. S. DREYER.